

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 10 April 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel.

Lees: Gen. 2: 4 – 17

Teks: Gen. 2: 7

Tema: Ek lewe in balans met myself as my liggaam en gees/siel ewe belangrik is.

Omgee:

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na 'n operasie.
- Maureen Mooki se oudste seun is voorverlede Vrydag oorlede.
- Cara Palmer (dogter van Martiens en Hannelie) is nou al vir 'n tydlank siek en baie verswak.
- Hekkie Schoeman se oë pla baie en Sarie is onder behandeling vir maagprobleme.
- Danie de Klerk se steke is uit en hy moet nog bestraling kry.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.

Ongemerk: instandhouding van die erediens.

Afkondigings: ☀

- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.
- **Kinderkerk**: al die kinders bly vandag in die kerk vir 'n familiediens.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom vanmiddag om 17:00 in die kuierkamer bymekaar.
- Ons volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Mei** by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** is dit Groep 6, Diakens. Volgende Sondag is dit Groep 1, Susan, Mariëtte, Annette en Maureen se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Die Lewende Woord vir jou vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Gen 2: 4-17.

Fokus: Gen 2: 7.

Ek lewe in balans met myself as my liggaam en gees/siel ewe belangrik is.

- God het die mens met 'n liggaam en gees/siel gemaak.
- Die mens se liggaam en gees is ewe belangrik of moet in balans wees.
- 'n Kind van God se liggaam is vir hom belangrik.
- 'n Kind van God se gees is vir hom belangrik.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Uit watter dele bestaan 'n mens volgens Gen 2: 7? Verduidelik elkeen.
- Wat doen 'n kind van God met sy liggaam as sy liggaam vir hom belangrik is?
- Wat doen 'n kind van God met sy gees as sy gees vir hom belangrik is?

Gebed: Teen die Gety

*Gedeeltes aangehaal uit die boek, **Teen die Gety**, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

Stap 1 : Kies teen die gety

1. Die mandaat is in die hande van die kerk

Die enigste instansie wat 'n permanente en blywende antwoord het, wat oor die geestelike krag beskik om die gety te draai, is die kerk.

Die kerk, Christene, ja mense wat bely dat hulle Christene is, moet opstaan; teen hierdie gety ingaan. Daar is nie 'n ander manier nie.

Ons kan ons huise se sekuriteitsheining hoër maak, meer diefwering aanbring, meer en beter alarmsisteme installeer. Ons kan die polisiemag beter oplei, die weermag

versterk. So kan ons aangaan...maar dit sal nie help nie. 'n Dokter wat aanhou simptome i.p.v. oorsake te behandel, sal die kwaad nie kan uitroei nie.

2. Christene teen die gety.

Die doel van hierdie reeks is om lidmate op te roep om teen die gety in te gaan, terug te veg, nie moed opgee nie, nie apaties te bly toekyk nie. Ons moet die ware vyande identifiseer en beveg. Maar ons moet die regte wapens en regte strategieë gebruik om dit te doen. Ons moet verstaan *wie ons is, wat ons verantwoordelikheid is, wat ons mandaat is, waartoe ons in staat is*, en dan moet ons *opstaan en doen* wat gedoen moet word. Die vyande waarmee ons worstel, moet baie duidelik geïdentifiseer word. Die staat en nuwe regering is nie ons vyand nie. Die wette van die land is nie ons vyand nie... Die werklike vyande waarteen ons te staan kom, is:

- *Die onwedergebore, sondige, gebroke en godlose natuur van mense;*
- *Sonde en vleeslikheid;*
- *Die Satan en sy ryk van demone.*

In hierdie reeks gaan dit nie oor truuks en tegnieke nie. Ons werk met 'n geestelike realiteit en ons moet geestelike antwoorde daarvoor kry. Ons moet ons posisie *in Christus en vanuit en voor God* verstaan. Vanuit hierdie verstaan moet ons na die wêreld rondom ons kyk, die regte stappe neem. *L.W. dit gaan oor die realiteit van onsigbare magte waarteen ons te staan kom. Dit gaan oor mense se onwedergebore natuur en 'n Verlosser, dit gaan oor die invloed en suigkrag van die wêreld op mense en hoe om dit te verbreek.*

3. Is daar hoop?

Dit is die volgende vraag waarmee ons gekonfronteer word. Kan dit anders wees? Hoe kan ons die land verander? Was dit al ooit anders?

Daar is dinge wat ons kan doen wat nie sal werk nie. Ons kan aanhou kerk “doen” soos wat ons dit al die jare gewoon was. Ons kan aanhou om week na week 60000 + preke op 'n Sondag in hierdie land te preek. Dit het nie die gety gedraai nie! Preke en meer preke alleen sal nie die ding doen nie. 'n Nuwe regering is nie die oplossing nie. Meer werksgeleenthede is nie die antwoord nie. Om al die armes kos te gee sal hulle nie verander nie en nie die probleem oplos nie. Hulle sal môre weer honger en nog steeds arm wees. Die antwoord lê op 'n ander vlak.

Bennie skryf “Ek glo dat daar hoop is, dat dit anders kan wees”. Ons hoop is in God, in sy Woord, in sy beloftes in die Woord, die onherroeplike realiteit aan die kruis op Golgota 2000 jaar gelede en van 'n opgestane, lewende Christus wat tans vir ons by die Vader intree. Daarin is ons hoop, en hulle wat hierdie hoop deur die eeue gehad het, het nooit beskaamd gestaan nie.

'n Klip in die bos

- Kan een Gemeente of een lidmaat wat die waarheid van die Woord reg verstaan 'n verskil maak?

- Hoe dink U, is daar hoop? Kan dit anders wees?
Hoor graag van julle.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

| | | | |
|-------|-----------------|--------------|--------------|
| 14/04 | CHRISTO DE BEER | 082 576 1615 | 011 673 7426 |
| 15/04 | HENDRIK FRITZ | 082 688 6974 | 011 477 5714 |

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Ander nuus

- Arise! by Bergbron sou op 23 April plaasvind, maar word uitgestel na September. Alle belangstellendes is egter welkom om die Arise! Byeenkoms in Krugersdorp by te woon DV op 16 April 2016. Gesels met Susan en Gerhard Botha vir inligting.
- GiG – God is Groot byeenkoms by Laerskool Louw Geldenhuys op 23 April van 16:00 tot 21:00.